# Afrikaanse Protestantse Kerk

Rig alle korrespondensie i.v.m. hierdie skrywe aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir aandag van:
Ds. JL Schütte
direkteur@apk.co.za

16 Maart 2020

**OMSENDBRIEF 5/2020**

## AP KERK EN COVID-19

**Aan alle leraars en voorsitters van kerkrade**

Geagte broeders,

Die land gons saam met die wêreld oor die COVID-19 pandemie wat soos ŉ vloedgolf om die aarde rol. Vir ons as die Kerk van Christus bied dit ŉ aantal uitdagings, maar ook geleenthede. Gesien die talle navrae wat ons by die Gemeenskaplike Kerkkantoor ontvang het ná die President se aankondiging van 15 Maart 2020, stuur ons hierdie kennisgewing namens die Sentrale Kerkekommissie aan alle kerkrade.

Ons sien in hierdie gebeure ŉ geleentheid om deur ons optrede daadwerklike getuies vir Christus te wees, asook om Christene se geloofwaardigheid en integriteit in ons optrede te bevestig. Ongelukkig leef ons in ŉ tyd van fopnuus en wanvoorstellings van die waarheid. Die gevolg is dat jy nie weet watter bron of wie se storie jy moet glo nie. Ten midde van die massa-histerie is daar groot onsekerheid oor die betroubaarheid van inligting wat wel beskikbaar gestel word. Tans wil dit ook lyk asof die finansiële impak van die pandemie jou gaan tref nog lank voor die virus in die omtrek is. Die vraag bly egter: Hoe reageer ons as Christene en kerke op hierdie situasie?

Eerstens wil ons daarop wys dat ons as Christene uit die geloof lewe en nie uit vrees nie. Ons leef met hoop eerder as met twyfel. Geloof en hoop is egter ook nie die enigste Christelike eienskappe wat ons vertoon nie, want die liefde gaan ook daarmee saam. Tesame spoor geloof, hoop en liefde ons aan om nie selfsugtig oor hierdie pandemie te dink nie. Dit sou byvoorbeeld uiters liefdeloos wees om te redeneer dat jy gelukkig jonger is as die mense wat ŉ hoër risikogroep is, so jy hoef jou nie hieraan te steur nie. Nee, ons is ook verantwoordelik teenoor kwesbare familielede, vriende en ons gemeenskap. Alhoewel die aanvanklik syfers dit laat blyk dat die sterftesyfer nie astronomies is nie, bly dit ŉ werklike bedreiging wat ons land se

sukkelende mediese dienste heeltemal kan lamlê. Daarom dat ons ook sal moet dink hoe ons liefde kan betoon deur te keer dat die virus na ons geliefdes en gemeenskap versprei.

Ons het nou die geleentheid om ons Christelike oortuigings in dade om te sit deur om te gee vir die kwesbares in ons midde en deur ook te getuig van die opstandingshoop juis in 'n tyd wat die pes soos 'n donker wolk oor ons land hang.

Ons kan gerus uit die geskiedenis van die Christendom 'n paar lesse gaan leer oor hoe ons die situasie moet hanteer. Gedurende Calvyn se bedieningstyd in Genève is die stad nie minder nie as vyf keer deur die pes getref. Tydens die eerste uitbraak in 1542 het Calvyn persoonlik die huisbesoek aan die besmette gesinne gelei. Welwetende dat dit hulle dood kon beteken, het die stadsvaders vir Calvyn en die ouderlinge probeer keer om sulke huisbesoeke te doen. Maar onder Calvyn se toesig het die leraars en ouderlinge voortgegaan met hierdie heldedaad en hulle vertel van talle bekerings gedurende hierdie tyd. Inderdaad het talle leraars hulle lewens ook op hierdie manier verloor. Selfs toe het Calvyn voortgegaan met die pastorale versorging van die siekes en hulle families. Buiten vir die oprigting van hospitale vir burgers en vreemdelinge het hy geld ingesamel om 'n spesiale hospitaal vir slagoffers van die pes op te rig. Wanneer gelowiges aan die pes gesterf het, het hy hartroerende begrafnisdienste wat van passie en persoonlike omgee getuig het, gehou.

Ook die hervormer, Martin Luther, is hiermee gekonfronteer en sy reaksie was: "Ek sal die Here bid om ons in genade te beskerm. Dan sal ek die huis berook, die lug help suiwer, medisyne uitdeel en self drink. Ek sal die plekke en persone waar my teenwoordigheid nie nodig is nie vermy, sodat ek nie aansteek en op so manier weer ander besmet en hulle dood as gevolg van my nalatigheid veroorsaak nie. As dit die Here behaag om my te kom haal, sal ek nie vir Hom kan wegkruip nie en dan sal ek gedoen het wat ek moes, terwyl ek nie verantwoordelik is vir my eie dood of die van iemand anders nie. As my naaste my egter nodig het, sal ek nie toelaat dat 'n plek of 'n persoon in my pad staan nie, maar getrou daarheen gaan."

Ons leer dus uit die geskiedenis dat ons omstandighede nie so uniek is nie. Die verskil is dat ons met die hulp van sosiale media baie gouer bewus raak van die verspreiding en verspreidingspatrone van die Corona-virus. Voordat ons dus te midde van die paniek oor enige aksieplanne dink, moet ons in die krag van die Here die oog op Hom hou en die Christelike perspektief bly handhaaf. Die regering kan dalk bewegings beperk en probeer beheer, die virus kan jou liggaam aftakel, maar ons Here is steeds in beheer.

Daarom is dit ons oproep aan elke gemeente en gelowige om doelbewus en gemeenskaplik ons vertroue op die Here te plaas. Kom ons doen dit as huisgesinne wat in gebed tot die Here nader en waar ons vir Hom sê: "Here, U ken ons omstandighede. U sien baie meer as dit wat ons sien. Ons weet nie wat op ons wag nie, maar U weet en daarom vertrou ons U van harte." Ons het hierdie vaste oortuiging dat ongeag wat met ons gebeur, die Here getrou sal bly. Dit is tog juis in tye van beproewing wat ons opnuut herinner word aan die Here se trou.

Mag ons eerste reaksie dus een van geloof, hoop en liefde wees.

Tweedens word ons gehoorsaamheid aan die vyfde gebod hierdeur getoets. Die regering het drastiese maatreëls aangekondig wat ons openbare eredienste en gemeentelike aksies dadelik in gedrang bring, omdat byeenkomste van meer as 100 persone vir die volgende drie maande verbied is.

Vir ons is die uitdaging dat hierdie maatreëls ingestel is deur ŉ regering wat geen agting vir God en sy gebod het nie. Dit is ŉ regering wat in praktyk getoon het dat hulle ons vertroue nie waardig is nie. In die gewone gang van sake staan ons skepties en vyandig teenoor hulle. Die Here roep ons egter in 1 Petrus 2:13 op: "Wees dan onderdanig aan elke menslike verordening ter wille van die Here." In daardie gedeelte gaan dit spesifiek oor ŉ owerheid met wie jy ernstig verskil. Net verlede maand het ons ŉ skrywe aan die staatspresident gerig waarin ons hom daarop gewys het dat hy sy gesag uiteindelik van God gekry het en dat hy aan die Here rekenskap sal moet gee van sy regering. Ons staan met dieselfde belydenis as die van Petrus en Johannes voor die Joodse Raad: *Of dit reg is voor God om julle meer gehoorsaam te wees as God, moet julle self beslis* (Handelinge 2:19). Ons handhaaf steeds die getuienis en waarheid dat God soewerein oor alles regeer.

Wanneer elke kerkraad dus oor hierdie sake moet besluit, gaan dit in die eerste plek nie oor wat die regering van ons vereis nie, maar wel wat die Here van sy kinders vra.

Kerkrade kan dus besluit om aan die regering se voorskrifte ongehoorsaam te wees, omdat hulle oordeel dat dit eerder gehoorsaamheid aan God sal wees. Dit sou egter beteken dat elke kerkraadslid kriminele vervolging in die gesig kan staar. Sou dit gebeur dat ŉ lidmaat wel die virus opdoen en dalk selfs sterf, sal die kerkraad daarvoor aanspreeklik gehou word.

Vir talle kerkrade is die beperking van 100 persone nie ŉ beletsel nie, maar om eendag so baie mense by die erediens te hê, is eerder ŉ droom om na te streef. Vir die groter gemeentes mag

**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 📠 (012) 362-2023

dit egter beteken dat die kerkraad moet besluit om meer eredienste te hou en die getal erediensgangers by elke byeenkoms te beperk. Selfs dan moet daar maatreëls in plek gestel word om besmetting te voorkom. Let gerus op die aangehegte maatreëls soos voorgestel deur die Wêreld Gesondheidsorganisasie.

Ongeag wat u kerkraad hieroor besluit, het ons ŉ verantwoordelikheid teenoor ons bejaarde lidmate wat ŉ baie hoër risiko het om die virus op te doen en daaraan te sterf. Dit blyk raadsaam te wees om bejaarde lidmate te versoek om nie tans die eredienste by te woon nie. Dit geld natuurlik nie net van die eredienste nie, maar ook van alle openbare plekke en byeenkomste. Ons is egter ook bevoorreg om moderne tegnologie te kan gebruik sodat lidmate steeds via hulle selfone of die rekenaar kan inskakel by eredienste soos byvoorbeeld die van die AP kerke Pretoria-Oos en Bloemfontein wat weekliks uitgesaai word. U kan gerus hierdie skakels daarvoor gebruik https://www.youtube.com/channel/UC7h2ym48EyQDyZ8ZvP4rAPA en https://www.youtube.com/channel/UCQ7WcY6SrW6clsqzYan_t9g

Ons bewegings kan dalk ingeperk word, maar die Woord van God kan nooit ingeperk word nie.

Verder sal kerkrade moet besluit oor die lewering van barmhartigheidsdiens aan talle gesinne wat moontlik hul inkomste gaan verloor. Klein sakeondernemings en handelaars gaan ŉ moeilike tyd binne met moontlike voorraadtekorte wat kan ontstaan. In Pretoria is daar vandag reeds winkels wat leeggeloop het weens die massa-histerie wat ontstaan het. Dit wil lyk asof talle mense voorsiening maak vir ŉ lang uitgerekte situasie, die werklikheid van behoeftige lidmate wat nie die vermoëns het om te kon voorsiening maak nie, sal deur die diakonie aangespreek moet word.

Wat betref die beplande predikantekonferensie, word die konferensie uitgestel tot in Oktober. Ons besef dat die meerderheid van ons lidmate bejaard is en dus meer kwesbaar is. Daarom wil ons nie graag sien dat leraars die virus onder mekaar en onder die gemeentelede moet versprei nie.

Elke kerkraad gaan ook moet besin oor die bediening aan daardie lidmate wat wel met die virus gediagnoseer word, sodat die liefde en omgee ook daar duidelik sal blyk.

ŉ Kragtige aspek van ons getuienis in hierdie tyd is om steeds tot eer van die Here te bly leef. Bid, werk, leer, lees, luister na musiek, bad jou kinders, speel op die gras, braai buite, alles steeds

in verantwoordelikheid maar ook met hoop vanuit geloof en vol liefde. Ons is nie ŉ klomp natgereënde hoenders wat op ŉ hoop sit en vir elke weerligstraal skrik nie. Ons sal in hierdie onsekere tye steeds heenwys na ons Here wat ons geleer het "Werp al julle bekommernis op Hom, want Hy sorg vir julle" (1 Petrus 5:7). Ons het ongelooflike troos in die wete dat die Skepper van die heelal in beheer is van ons omstandighede en dat ons in tye van beproewing in gebed tot Hom mag nader.

*Vriendelike groete*



**Ds. JL Schütte**
**Direkteur van Kerkadministrasie**

**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 🖷 (012) 362-2023